

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeve deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XXIII, No. 885

10 MAART 1939

AAN DIE HOOFDSTAD
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.


LEESSTOF VIR DIE PLATTELAND

DIE biblioteekwese van die Unie het in die laaste tyd so dikwels die aandag geniet dat dit begin lyk asof daar heelwat mense is wat werklik biblioteek-bewus begin word. En as die ontwikkelde volksdeel maar net eers behoorlik besef hoe hopeloos onbevredigend die huidige toestand is, veral op die platteland en in baie kleiner dorpe, dan glo ons dat daar heel gou deurtastend opgetree sal word om sake te verbeter. Daar is nou al — en ons glo dat dit die eerste vrugte van die propaganda is — hier en daar tekens van verbetering. Wat Kaapstad betref, het die Regering byv. sy toelae aan die naslaan-afdeling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek met tweeduisend pond vermeerder, en as ons dit wel het, het die burgemeester reeds so ver gegaan om hom simpatiek uit te laat teenoor die plan om uiteindelik 'n vrye uitleenbiblioteek in die Moederstad onder beheer van die stadsraad in die lewe te roep. Dit is wel nog nie eens 'n belofte nie, maar as die idee eers posgevat het, sal die daad op die duur nie uitbly nie.

* * *

Ons het egter skaars in die jaarverslag van die kuratore van die Suid-Afrikaanse Biblioteek gelees van 'n paar bemoedigende tekens van vooruitgang of daar is in twee afsonderlike toesprake wat kort na mekaar gehou is, naamlik dié van mnr. Paul Ribbink, hoof van die Parlementsbiblioteek, en van mnr. S. J. Kritzinger, hoof van die Landboubiblioteek in Pretoria, gewys op die hopelose toestand wat betref biblioteekvoorsiening op die platteland. Mnr. Ribbink het op 'n vergadering van die pas gestigte plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging onder andere daarop gewys hoe noodsaaklik dit is om die plattelandse bevolking van boeke te voorsien, hulle te leer lees en sodoende deur hul toestand van geestelike isolement heen te breek. Hy betreur dit dat daar in die jaarverslag van die Departement van Landbou hoegenaamd geen statistiek verskaf word in verband met die omvang van die biblioteekdiens aan die boere nie, sodat dit dus onmoontlik is om vas te stel in hoever daar vooruitgang is. Ook word daar nie vermeld watter stappe daar gedoen word om die boeke en ander be-

skikbare leesstof onder die aandag van die boere te bring nie. Mnr. Ribbink was tien jaar lank bibliotekaris van die Departement van Landbou, dus weet hy waarvan hy praat as hy verklaar dat die boere oor die algemeen baie gretig is om te lees, mits hulle voorligting kan kry in verband met die lektuur wat hulle moet lees en hoe om dit in die hande te kry.



Mnre. William Pickerill en Theo. Wendt, onderskeidelik die huidige en die eerste dirigent van die Kaapstadse orkes. Mnr. Wendt is tans dirigent van die orkes van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in Johannesburg.

Mnr. Kritzinger sowel as mnr. Ribbink vertig die aandag daarop dat net vier persent van die bevolking gebruik maak van die kolossale boekevoorraad wat in die verskillende biblioteke van die land opgesluit is. In die Transvaalse skole is daar, volgens mnr. Kritzinger, uit 1129 slegs 47 wat oor 'n kamer beskik wat as 'n biblioteek afgesonderd kan word, terwyl daar in die hele provinsie geen enkele onderwyser-bibliotekers (d.w.s. een wat naas die skoolwerk genoeg tyd het om as bibliotekaris op te tree) is nie.

Die meeste van bostaande feite is ook in die verslag van die Inter-Departementele Biblioteekkommissie *) van 1937 beklemtoon,

*) Verkrygbaar by die Staatsdrukker, Pretoria, teen 2s. per eksemplaar.

wat onder andere daarop gewys het dat dit in ander lande, waar toestande min of meer dieselfde is as in Suid-Afrika, proefondervindelik vasgestel is dat die verspreide bewoners van die platteland teen betreklik geringe koste voorsien kan word van 'n biblioteekdiens wat nie ver agter dié van die dorpe staan nie.

Daar is nog tal van aspekte van hierdie uiters belangrike vraagstuk wat deur die twee sprekers aangeroer is: die hoë koste van die vervoer van boeke deur mnr. Ribbink, terwyl mnr. Kritzinger klem gelê het op die gevaar om die

Jubileum van die Kaapstadse Orkes

VERLEDE week het die munisipale orkes van Kaapstad sy vyf-en-twintigjarige bestaan met 'n reeks konserte gevier. Hierdie feesviering is van meer as plaaslike belang, aangesien nie net die inwoners van Kaapstad nie, maar duisende inluisteraars die geleentheid kry om die orkes 'n paar maal per week te hoor. Om dié rede wil ons dan ook graag die dirigent, mnr. William J. Pickerill, en die orkes hartlik gelukwens met die nuwe mylpaal wat bereik is en die hoop uitspreek dat die orkes en die simfoniekonserte 'n permanente instelling sal bly. Vanaf die eerste uitvoering wat die orkes gegee het, op 28 Februarie 1914, moes die dirigent, mnr. Theo Wendt, en na hom mnr. Pickerill, 'n voortdurende stryd voer teen onverskilligheid en soms selfs teen openlike vyandigheid. En ondanks die feit dat die orkes een van die beste van sy soort is — 'n mening wat herhaalde male deur bevoegde kritici van oorsee onderskryf is — moet dit tot vandag nog worstel om te kan bly voortbestaan.

In die afgelope vyf-en-twintig jaar moes die orkes werke van uiters verskillende gehalte week na week uitvoer om al die verskillende smake min of meer tevrede te stel. Hoeveel werk en ywer dit van die dirigent en sekretaresse vereis het, kan 'n mens alleen besef as jy volkome op hoogte is van al die moeilikhede waarmee hulle te kampe het. Veral moes en moet daar ook vandag gedurig gesorg word dat die geldelike verlies oor 'n jaar so laag as moontlik bly. Meer as eens het sake al so kritiek geword dat die afskaffing van die orkes ernstig oorweeg is. Dat die orkes verlede week sy jubileum kon vier, getuig dus meer as enigiets anders van die toewyding van die dirigent en die spelers.

Die werk wat deur die orkes gedoen word in belang van die musiek in Suid-Afrika kan moeilik genoeg waardeur word. Die inwoners van Kaapstad en inluisteraars het week na week die voorreg om na die uitvoering van bekende meesterwerke te luister; nuwe werke van moderne komponiste word sover moontlik gespeel; jong kunstenaars uit alle dele van die land kry die geleentheid om saam met die orkes op te tree, en af en toe word kamermusiek deur vier of vyf lede van die orkes gespeel.

(Vervolg op bladsy 95)

Jubileum van die Kaapstadse Orkes

(Vervolg van bladsy 11)

Ongelukkig word die waarde van hierdie werk nog nie naastenby goed genoeg besef deur die publiek nie, en die ondersteuning wat die orkes van Afrikaanssprekendes in die Skiereiland ontvang, is besonder gering. Waar daar vanjaar met nuwe geesdrif gepraat word van volksang en die bevordering van musiek, hoop ons dat die Kaapstadse orkes ook van die kant van plaaslike Afrikaners beter ondersteuning sal geniet.